# BAMBI LYTTELTON NASORGSENTRUM

Telefoon: (012) 664 5275

Navrae: Mev. E.J. Brummer

Bambi Lyttelton Nasorgsentrum
218 Retieflaan
Lyttelton

# INSKRYWINGSVORM

Die Bambi Lyttelton Nasorgsentrum (hierna die “Nasorgsentrum” of die “Sentrum”) is geleë te 218 Retieflaan, Lyttelton, op dieselfde perseel as Bambi Kleuterskool. Dit is ‘n privaatinstelling wat die Bambi Kleuterskool aanvul. Die Bambi Kleuterskool is ‘n oggend-kleuterskool. Alhoewel die Nasorgsentrum ‘n privaatinstelling is, word dit bestuur volgens die reëls en regulasies soos neergelê en vereis deur die Beheerraad van die Centurion Kleuterskoolvereniging, waaraan Bambi Kleuterskool onderworpe is.

## 1. ALGEMENE VOORWAARDES

1.1 Die applikant/ouer doen hiermee aansoek om toelating van voorskoolse kind tot die Lyttelton Nasorgsentrum. Deur die inskrywingsvorm in te vul, aanvaar die ouer onvoorwaardelik die voorwaardes wat in hierdie vorm bevat word.

1.2 Die Nasorgsentrum behou die reg voor om toelating tot die sentrum te weier sonder om redes te voorsien vir sodanige besluit.

1.3 Die reg van toegang tot die perseel word ten alle tye voorbehou.

1.4 Alle persone en kinders wat die perseel van die Nasorgsentrum betree, hetsy behoorlik daartoe gemagtig of nie, doen dit uitsluitlik op eie risiko en sodanige persone onderneem om streng die reëls en regulasies van die Nasorgsentrum te gehoorsaam.

1.5 Die personeel plaas die veiligheid van die voorskoolse kind ten alle tye eerste. Desnieteenstaande, aanvaar die Bestuur, Beheerraad, hoof, onderwysers en werknemers, tydelike of permanente werknemers of vrywilligers van die Nasorgsentrum geen aanspreeklikheid of verantwoordelikheid hoegenaamd vir enige besering of skade van enige aard en op enige manier veroorsaak, nalatig of andersins, wat deur enige persoon of kind opgedoen word nie. Die ouer doen hiermee onvoorwaardelik en *in rem suam* afstand van enige eis in verband met die voorgemelde.

1.6 Tot verdere kennisgewing sal ‘n skooljaar bestaan uit vier kwartale wat ooreenstem met dié van die Gautengse Onderwysdepartement.

1.7 Die ouer gee hiermee onvoorwaardelike toestemming dat die kind mag deelneem aan alle aktiwiteite, hetsy van opvoedkundige aard, godsdienstige bedrywighede, sport, ontspanning en/of uitstappies. Sou ‘n ouer besware hê in verband met deelname aan enige van die voorgemelde normale aktiwiteite, moet sodanige ouer die Sentrum skriftelik in kennis stel.

1.8 Sou die voorskoolse kind aan enige allergie of ‘n buitengewone sieketoestand ly, sal die ouer die Sentrum skriftelik in kennis stel ten opsigte van:

1.8.1 Die aard van die allergie of siektetoestand.
1.8.2 Die spesifieke behandeling wat vereis word met betrekking tot die bogenoemde kwaal.

1.9 Die kind se gesondheidsgeskiedenis is aangeheg en word geag as ‘n integrale deel van hierdie ooreenkoms. Die ouer waarborg dat die gesondheidsgeskiedenis volledig, korrek en waar is in alle opsigte en dat geen inligting weerhou is nie.

1.10 Wanneer die kind om watter rede ook al per motorvoertuig moet vervoer word, hetsy in ‘n noodgeval of ‘n uitstappie of andersins, gee die ouer hiermee toestemming dat die kind op so ‘n manier mag vervoer word.

______________________________
HANDTEKENING EN DATUM

**2. TYE:**

Bedryfstye van die Nasorgsentrum gedurende weeksdae is as volg:

2.1 Vanaf 14:00 tot 16:45 gedurende amptelike skoolkwartale.

2.2 Vanaf 07:00 tot 16:45 tydens amptelike skoolvakansies.
Daar sal ‘n ekstra fooi van R50.00 wees vir elke 15 minute of gedeelte daarvan, betaalbaar wanneer u u kind laat kom haal.

2.3 Die voordeur sal gesluit wees tussen 14:00 en 14:30 aangesien die kinders dan besig is met middagete.

**Die Nasorgsentrum sluit tesame met die skole in Desember en heropen saam met die skole in Januarie.**

**3. FOOIE:**

**3.1 Registrasie**

‘n Eenmalige Registrasiefooi wat jaarliks sal bepaal word, is betaalbaar teen 30 November of met inskrywing. ‘n Eenmalige registrasiefooi van R470.00 (2024) vir pakkette A en B is betaalbaar.

**3.2 Nasorgfooie**

Nasorgfooie is streng vooruitbetaalbaar voor die 2$^{de}$ dag van ‘n kalendermaand. Die eerste betaling moet op 2 Januarie 2024 wees en die laaste op 2 November 2024. **Nasorgfooie moet nie ingesluit word by Bambi Kleuterskoolgelde nie, maar apart oorbetaal word aan E.J. BRUMMER.**

**Internetbetalings:**
**Bank: ABSA Bank**
**Rekeningnommer: 060 9220 902**
**Rekeningnaam: EJ Brummer**
**Verwysing: Nasorg [naam van kind]**

Twee pakkette word aangebied en u sal slegs een maal per jaar toegelaat word om van een pakket na ‘n ander oor te skakel. Daar word dus voorgestel dat u versigtige oorweging gee aan die pakket wat u behoeftes die beste sal pas. Daar is geen afslag vir meer as een kind nie.

**3.2.1 PAKKET A:**

<u>Kleuters</u>
Registrasiefooi van R470.00 is betaalbaar.
Fooie – R14 960.00 per jaar, betaalbaar in 11 paaiemente van R1 360.00 per maand. Die eerste paaiement is verskuldig voor of op 2 Januarie 2024 en die laaste paaiement op 2 November 2024. Geen afslag sal gebied word in die geval waar ‘n kind vir ‘n tydperk afwesig is nie, behalwe in die geval waar ‘n kind afwesig is vir meer as 30 dae, weens siekte met ‘n siekebrief.

<u>Peuters</u>
Registrasiefooi van R470.00 is betaalbaar.
Fooie – R17 050.00 per jaar, betaalbaar in 11 paaiemente van R1 550.00. Datums vir betaling is dieselfde as die voorgemelde.

**1.2.2 PAKKET B:**

<u>Kleuters</u>
‘n Bedrag van R90.00 per middag per kind sal gehef word.
Indien u kind slegs vir middagete moet bly, sal die koste R40.00 wees en die kind moet **14:30** gehaal word.
Middae moet streng vooruit bespreek en betaal word. Ouers stuur ‘n botteltjie water vir na ete.
Die daaglikse tarief is meer as dié vir die kinders wat voltyds in nasorg is.

<u>Peuters</u>
‘n Bedrag van R95.00 per middag per peuter sal gehef word.
Voorwaardes dieselfde as kleuters.

________________________________
HANDTEKENING EN DATUM

NB: Elke kind (pakkette A & B) wat die naskool bywoon moet die volgende inhandig op elke eerste dag van die kwartaal: 1 houer snesies, 1 pakkie "Wet Wipes", 1 rol toiletpapier – duidelik gemerk.

## 4. VAKANSIEFOOIE:

ALLE VAKANSIEFOOIE IS VOORUIT BETAALBAAR MET DIE BESPREKING VOOR DIE AANVANG VAN DIE VAKANSIE. BETALINGS MOET KONTANT OF INTERNETBETALINGS WEES. GEEN TERUGBETALINGS VAN VAKANSIEFOOIE NIE.

4.1 Voltydse Naskool-kinders sal R80.00 per oggend ekstra betaal vir slegs oggende tot 14:00 gedurende die vakansietydperk.
Voltydse peuters sal R90.00 per oggend ekstra betaal vir slegs oggende tot 14:00 tydens die vakansietydperk.

4.2 Deeltydse kinders sal R95.00 per oggend betaal vir slegs oggende tot 14:00 tydens skoolvakansies.
Deeltydse peuters sal R100.00 per oggend betaal vir slegs oggende tot 14:00 gedurende skoolvakansies.

4.3 Deeltydse kinders sal R90.00 per middag betaal tot 16:45 gedurende skoolvakansies.
Deeltydse peuters sal R95.00 per middag betaal tot 16:45 gedurende skoolvakansies.

## 5. BEHEERMAATREËLS:

5.1 Die ouer of persoon wat die kind kom haal, moet elke dag die kindjie by die persoon aan diens kry.

5.2 Wanneer die kind deur iemand anders gehaal word, moet die ouer die Sentrum skriftelik of telefonies van sodanige reëling in kennis stel.

## 6. MAALTYE EN VERVERSINGS:

6.1 Skoolkwartale: Die naskool voorsien 'n ligte vinger middagete. Stuur 'n botteltjie water vir middae saam.

6.2 Gedurende vakansies: Elke kind moet hulle eie kosblik met 'n toebroodjie en vrug vir verversingstyd 10:30 bring. Stuur ook 'n sap of botteltjie water. Stuur ook 'n lekkerny en water vir die middae.

____________________________________

HANDTEKENING EN DATUM

**7. ALGEMENE BESONDERHEDE:**
(Om deur die ouer of voog van elke nasorg-kind voltooi te word)

**NASORG-KIND**
Kind se van: ____________________

Volle name: ____________________

Noemnaam: ____________________

Geboortedatum/ID-nommer: ____________________

Geslag: ____________________

Huistaal: ____________________

Posadres: ____________________

Telefoonnommer (huis): ____________________

**VADER**
Van: ____________________

Volle name: ____________________

ID-nommer: ____________________

Beroep: ____________________

Huistaal: ____________________

Huisadres: ____________________

Naam van werkgewer:____________________

Tel nr (W): ______________ (H) ______________ (Sel) ______________

Huwelikstatus: Getroud ________ Enkellopend ________ Geskei ________ Wewenaar ________

**MOEDER**
Van: ____________________

Volle name: ____________________

ID-nommer: ____________________

Beroep: ____________________

Huistaal: ____________________

Huisadres: ____________________

Naam van werkgewer:____________________

Tel nr (W): ______________ (H) ______________ (Sel) ______________

Huwelikstatus: Getroud ________ Enkellopend ________ Geskei ________ Weduwee ________

____________________
HANDTEKENING EN DATUM

**8. PERSOON VERANTWOORDELIK VIR BETALING VAN DIE NASORGFOOIE:**

Wanneer ‘n persoon anders as die ondergetekende van hierdie inskrywingsvorm verantwoordelik is vir betaling van die nasorgfooie, moet sodanige persoon ook die inskrywingsvorm teken.

Van en volle name: ______________________________________________

Adres: ______________________________________________

Tel. (W): ________________ (H) ________________ (Sel) ________________

**9. MEDIESE INLIGTING:**

Is u kind allergies vir enigiets? ________________

Indien wel, waarvoor is u kind allergies? ______________________________

Enige spesiale behandeling ______________________________

Enige ander belangrike mediese probleem wat u onder die Nasorgsentrum se aandag wil bring:

______________________________________________

Indien u kind by die Sentrum beseer word, mag hy/sy deur ‘n plaaslike dokter behandel word in die geval dat u nie onmiddellik bereik kan word nie? ________________

Wie is u Praktisyn: ________________ Adres: ________________

Aan watter mediese fonds/skema behoort u? ______________________________

Mediese fonds nommer: ______________________________

**10. ALTERNATIEWE KONTAKPERSOON (wat nie by dieselfde adres woon nie):**

Van en volle name: ______________________________________________

Tel nr (W): ________________ (H) ________________ (Sel) ________________

______________________

HANDTEKENING EN DATUM

**11. PROSESSERING VAN PERSOONLIKE INLIGTING:**
**Bambi Kleuterskool, verwerk alle persoonlike inligting, insluitend mediese persoonlike inligting in terme van die Wet Op Beskerming van Persoonlike Inligting No 4 van 2013 (soos gewysig). Die ondergetekende, verantwoordelike persoon, wettige voog van die leerling, gee hiermee toestemming vir die verwerking en verdere verwerking van hul asook die leerling se persoonlike inligting deur Bambi Kleuterskool enige derde party diensverskaffers, enige spesialiste en enige nodige regsverteenwoordiges, skuldinvorderaars of krediet buros. Die ouers / voogde van die leerling erken en stem saam dat alle werknemers gebind is deur 'n beleid en streng vertrouikheidsbepalings om die persoonlike inligting te verwerk.**

**OOREENKOMS:**

**Ek, die ondertekende, aanvaar pakket _______ en kom ooreen dat die Nasorgfooie betaal sal word soos beskryf, dat skriftelike kennis van een kalendermaand sal gegee word wanneer die kind uit die Nasorgsentrum gehaal gaan word en dat ek aanspreeklik sal wees vir die vooruitbetaling van die paaiement van die kalendermaand se kennis.**

**Ek, die ondergetekende, ____________________________(volle name en van) bevestig hiermee dat ek die inligting op hierdie inskrywingsvorm gelees het en dat ek die inhoud daarvan verstaan en aanvaar.**

**Geteken te ___________________________op hierdie ____ dag van _____________________________________**

**_____________________**
**Geteken: Ouer/Applikant**
**ID:**

_____________________________
HANDTEKENING EN DATUM